

Die Labuschagne Gedenkboek Die Franse Voorouers van die Labuschagne Familie



Hierdie boek het tot stand gekom in verband met die jubileumviering in Paarl ter herdenking van die aankoms van Pierre Labuscaigne, die stamvader van alle Labuschagnes, op 14 Mei 1711 in die Kaap van Goeie Hoop. Dit is 'n beskrywing van hulle voorgeskiedenis en in dié opsig is dit 'n studie oor die tragiese lotgevalle van Hugenote-families. Die outeur, prof Casper Labuschagne, gee 'n insiggewende oorsig van die gewelddadige onderdrukking van andersdenkendes deur die Rooms-Katolieke Kerk in noue samewerking met die Franse staat, met as absolute laagtepunt die vervolging van die Hugenote. Daarby word ook gefokus op die wreedhede wat toegepas is om hulle hul geloof te laat afsweer, of as martelaars te sterf, of te vlug. Hy doen tewens uitgebreid verslag van sy jarelange navorsing en soektog na die plekke waar die voorouers gewoon het en van die verrassende ontdekking van argiefstukke in Frankryk, Duitsland en Nederland. Op grond daarvan kon hy die geskiedenis van sy voorouers beskryf vanaf die begin van die 17de tot die aanvang van die 18de eeu.

Die prys van die boek is **R150** (plus R30 posgeld en verpakking binnelands en R70 buitelands). Lewenslange lede van die Hugenote-Vereniging van S-A kan die boek aankoop teen 'n prys van **R100** (plus R30 posgeld en verpakking binnelands en R70 buitelands); gewone lede van die Hugenote-Vereniging van S-A kan die boek aankoop teen 'n prys van **R120** (plus R30 posgeld en verpakking binnelands en R70 buitelands). Vir bestellings van tien of meer boeke is die prys **R100** (plus posgeld). Bestellings kan geplaas word by die [Hugenote-Vereniging van S-A](#) waar besonderhede oor inbetalings in die bankrekening van die Hugenote-Vereniging beskikbaar is. Die boek is in Engels in e-boek formaat beskikbaar; vir besonderhede, [klik hier](#).

Inhoud

Voorwoord deur die voorsitter van die Hugenote-Vereniging

Voorwoord deur die voorsitter van die Labuschagne Familiebond

Inleiding en oorsig van die inhoud

1. Die land van ons voorouers tydens die godsdiensoorloë
2. Ons Franse naam: spelling, uitspraak en betekenis
3. Op soek na Pierre se plek van herkoms in Frankryk
4. Informasie oor ons voorouers uit die Franse argiewe
5. Die jare 1682-1686: ramspoed en onheil in Bergerac
6. Die tragiese geskiedenis van Samson Labuscaigne
7. Pierre vlug: sy verblyf in Frankfurt en Amsterdam
8. Pierre vestig hom in Enkhuzen as kleremaker
9. Pierre as seeman van sy vrou en kinders geskei
10. Kort oorsig van die lotgevalle van Pierre in die Kaap
11. Bronne en literatuur

Voorwoord deur die Voorsitter van die Hugenote-Vereniging

Die doelwit van die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika is die bewaring en bevordering van ons Hugenote-geskiedenis en -erfenis. Hierdie publikasie is no 3 in die Hugenote-Genealogiereeks, wat deel vorm van die inisiatiewe ter praktiese uitvoering van hierdie ideaal. Dit wyk af van die gewone genealogiese publikasie in dié opsig dat dit nie fokus op die genealogie van Hugenote wat hulle aan die Kaap van Goeie Hoop gevestig het nie, maar op die voorafgaande geskiedenis en herkoms van die stamvader *Pierre Labuscaigne*, en die omstandighede in Europa wat aanleiding gegee het tot sy vlug in 1696 vanuit Frankryk na Nederland, en uiteindelijke vestiging aan die Kaap van Goeie Hoop in 1711, waarheen sy eggenote Maria Anna Bacot en hulle drie kinders hom in 1717 gevolg het.

Die boek getuig van deeglike navorsing - oor 'n periode van twee dekades - deur prof Casper Labuschagne, woonagtig in Nederland, nie net deur raadpleging van argivale bronne nie (daarvan getuig die omvattende lys van geraadpleegde literatuur en dokumente), maar ook *in situ* navorsing by plekke van belang, en ontdekkingstogte wat nuwe insigte en inligting openbaar het. Die boek werp lig op die uitspraak en variasies in die spelling van die van Labuschagne, die betekenis en herkoms daarvan, en op die geboorteplek en kontrei van die stamvader. Die beskrywing van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die Herroeping van die Edik van Nantes in 1685, en die lewensomstandighede in Frankryk daarna, is van belang nie net vir Labuschagne-nasate nie, maar vir almal wat belangstel in die geskiedenis van die Hugenote.

Die Hugenote-Vereniging van S-A dra sy gelukwense oor aan die Labuschagne Familiebond vir sy inisiatiewe en die wyse waarop dit dié Hugenote-familie se geskiedenis bevorder. Ons vertrou dat die nasate van die stamouers, Pierre Labuscaigne en Maria Anna Bacot, in 'n opvolg-publikasie te boek gestel sal word om die héle geskiedenis van die familie in Suid-Afrika weer te gee.

Prof H Christo Viljoen

Voors: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika
Oktober 2011.

Voorwoord deur die Voorsitter van die Labuschagne Familiebond

Dit is vir my 'n voorreg om hierdie boek aan die leserspubliek bekend te stel, drie dekades na die eerste publikasie van hierdie soort in 1981 deur wyle prof Frans Labuschagne. Die nuwe publikasie bevredig in vele opsigte 'n lang gevoelde behoefte aan 'n opgedateerde beskrywing van die geskiedenis van ons voorouers.

Die leser word met die intrapslag begroet deur 'n werkstuk wat spreek van die fyn waarnemingsvermoë van die skrywer, sy deeglike navorsing en grondige kennis van die geskiedenis van Frankryk wat strek oor 'n tydperk van meer as 300 jaar. Die skrywer is 'n internasionaal bekende teoloog met 'n lang geskiedenis van publikasies, en met 'n lewendige belangstelling in genealogie, en boweal in die geskiedenis van die Hugenote en veral die lotgevalle van ons voorouers in Frankryk en Nederland.

Dit het prof Casper, soos hy by ons in die Familiebond bekend staan, baie jare van speurwerk geneem om al die relevante inligting te versamel. Die opset van die pragtig geïllustreerde boek is oorsigtelik en die inhoud goed verstaanbaar danksy die helder skryfstyl. Die outeur se grondige kennis van etlike Europese tale het hom in staat gestel om die argiefmateriaal korrek te interpreteer en aan die leser oor te dra.

Een van die hoogtepunte in die boeiende verhaal is die ontdekking van die plekke in Frankryk waar ons stamvader en dié se voorgeslagte vandaan gekom het. Sommige plekke is kort gelede ontdek, in 2010, net betyds vir die publikasie van die Gedenkboek by geleentheid van die 300-jarige herdenking van ons familieplanting in Suid-Afrika. Ons is hom dankbaar vir sy inset en toewyding aan die selfopgelegde taak wat hy met onderskeiding deurgevoer het.

Graag wil ek die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika in Franschhoek bedank vir die bereidwilligheid om die boek te publiseer as deel van die Hugenote-genealogiereeks, en in die besonder die voorsitter, prof Christo Viljoen, vir sy bemiddeling. Ons sal baie bly wees as die Vereniging ook 'n opvolgdeel in die genealogiereeks sal uitgee, wat Herman Labuschagne sal skryf. Hy sal die spesifiek Suid-Afrikaanse deel van die gekiedenis behandel, dit wil sê, die ongeveer honderd jaar vanaf die tyd dat Pierre Pontac bekom het, in 1723, tot die eerste jare van die 19de eeu. As ons familie-genealoog is Herman ook gemoeid met die samestelling van ons stamregister, wat hy binnekort in 'n hersiene en uitgebreidere versie op die internet sal publiseer.

Ten slotte wil ek die komiteedele bedank, wat met onvermoeide toewyding en sonder vergoeding, die afgelope jare saamgewerk het om van die Familiebond die sukses te maak wat dit is, en ook die reëlings getref het vir die viering van ons 300-jarige stamplanting: Les Labuschagne (vise-voorsitter), Theo van Zijl (sekretaris), Hennie Labuschagne van Kroonstad (tesourier), Herman Labuschagne, Willie Labuschagne, André Labuscagne, Kenneth Labuschagne (webmeester), Ansie Watschön, Phillip Labuschagne, Johan Labuschagne, en ons ere-lid Cilna van Wijk.

Ons grootste dank kom egter ons hemelse Vader toe, vir die feit dat ons as nageslag kan besef hoe Hy die lotgevalle van ons voorouers beskik het, en dat ons hulle nalatenskap met trots mag bejeën. Mag hierdie erfenis eweneens vir ons kinders 'n bron van trots en inspirasie wees. Met die Psalmdigter (Ps 16:6) wil ons getuig:

“Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.”

Hennie Labuschagne

Voorsitter van die Labuschagne Familiebond

Oktober 2011

Inleiding en oorsig van die inhoud

Tot onlangs was daar maar bitter weinig bekend oor die geskiedenis van ons Franse stamvader, *Pierre Labuscaigne*. Ons het alleen geweet dat hy as Hugenoot uit Frankryk afkomstig was, dat hy na Nederland gevlug het, 'n tyd in Enkhuizen gewoon het en getroud was met 'n meisie uit Leeuwarden by wie hy drie kinders gehad het. Resente navorsing in argiewe in Frankryk en Nederland het egter 'n ryke skat aan gegewens aan die lig gebring oor sy familie in Frankryk en sy verblyf in Nederland.

Daar is seker min Suid-Afrikaanse Hugenotefamilies wat soveel informasie het oor hulle Franse voorouers as die afstammeling van Pierre Labuscaigne. As ons besef wat die Hugenote alles deurgemaak het tydens die godsdiensoorloë, hoe wreed hulle vervolgd is en hoe baie van hulle vermoor is, dan is dit 'n wonder dat daar nog heelwat argiefmateriaal oor ons voorouers bewaar gebly het. Sulke argiefstukke stel ons in staat om die oudste wortels van ons familie bloot te lê en om 'n beeld te vorm van die omstandighede waaronder Pierre sy land moes verlaat.

Daarom bied ek in die eerste hoofstuk 'n oorsig van die eeuelange gewelddadige onderdrukking en vervolging van andersdenkendes in Frankryk deur die Rooms-Katolieke Kerk in noue samewerking met die Franse staat vanaf die Middeleeue, met as absolute dieptepunt die vervolging van die Hugenote. Alleen deur hiervan kennis te neem kan ons verstaan waarom Pierre geen ander uitweg gesien het as om te vlug nie – soos honderdduisende ander Protestante.

In 'n tweede hoofstuk gee ek 'n kort beskouing oor die spelling, uitspraak en betekenis van ons Franse familienaam. Vervolgens doen ek in hoofstuk 3 verslag van my jare lange soektog na Pierre se plek van herkoms in Frankryk en hoe ek eindelik agtergekom het waarom hy sy plasie in Paarl 'Pontac' genoem het.

In die vierde hoofstuk bespreek ek die moeisame soektog na informasie oor Pierre in die Nederlandse en Franse argiewe, met as hoogtepunt die fantastiese ontdekking in 2004 van

argiefmateriaal oor die familie Labuscaine. Hierdie argiefstukke bevat inligting oor Pierre se oupa en ouma, ooms en tantes, sy ouers, broers, susters, neefs en niggies, van wie ons presies weet wanneer hulle gebore en gedoop is.

Die vyfde hoofstuk is gewy aan die vervolging van die Protestante in Pierre se geboortestad Bergerac en hoe hulle met geweld gedwing is om hulle geloof af te sweer of te vlug. As gevolg daarvan het drie Labuscaine seuns besluit om te vlug: eers Pierre se oudste broer Isaac, daarna sy neef Samson en later hyself. Die tragiese geskiedenis van Samson kom in 'n aparte hoofstuk uitvoerig aan die orde.

In die daaropvolgende twee hoofstukke beskryf ek die geskiedenis van Pierre: sy besluit om te vlug, sy aankoms en tydelike verblyf in Frankfurt en Amsterdam, sy verblyf in Enkhuizen, sy beroep, sy huwelik, sy gesin en sy skoonfamilie.

In die negende hoofstuk word die omstandighede bespreek waarom Pierre in diens getree het van die Verenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) en hoe sy vrou kop bo water kon hou totdat sy en die kinders eindelijk by hom in die Kaap kon aansluit.

Die slothoofstuk is gewy aan 'n kort oorsig van die lotgevalle van Pierre in die Kaap: sy eerste (en laaste!) seereis, sy aankoms in die Kaap, sy werk as onderwyser, koster en bode, totdat hy in 1723 'n stukkie grond in Paarl toegewys gekry het.

Ek is baie dank verskuldig aan my kleinniggie, Ansie Wilson (née Van Greuning), vir haar waardevolle voorstelle ter modernisering van my Afrikaans.